STELLENBOSCH UNIVERSITEIT

REëLS VIR DIE GEBRUIK VAN VOERTUIGPOEL VOERTUIE

Kantoorure: Maandag – Vrydag (08:00-16:30)

1. Voertuie van die US Vervoerdienste mag net gebruik word vir goedgekeurde ritte deur personeel en studente van die Universiteit van Stellenbosch, asook gemagtigde, amptelike besoekers aan die Universiteit. Geen persoon mag hierdie voertuie in sy/haar privaathoedanigheid gebruik nie.

2. Voertuie moet op 'n versigtige en verantwoordelike wyse, binne die reëls en voorskrifte wat deur wetgewing neergelê word, bestuur en andersins gebruik word. Bestuurders wat landswette oortree is persoonlik aanspreeklik vir boetes wat hulle opgelê word. . U as bestuurder is persoonlik aanspreeklik vir verkeersoortredings en stem hiermee in tot die gemagtigde gebruk van u persoonlike inligting vir die herleiding van verkeersboetes.

3. Bestuurders van voertuie moet toesien dat die voertuie na gebruik in die voertuigpark by Tygerberg kampus geparkeer word. Wanneer 'n voertuig na-ure terugbesorg word, moet die voertuig steeds in die voertuigpark geparkeer word. Slegs in uitsonderlike gevalle mag 'n voertuig buite die Universiteit se voertuigpark oornag, met dien verstande dat Vervoerdienste of Kampussekuriteit toestemming moet verleen. Waar sodanige toestemming wel verleen word, word dit verleen op die uitdruklike voorwaarde dat die voertuig in 'n toesluitmotorhuis, of ander beveiligde struktuur toegesluit word. In sekere omstandighede is die gebruik van 'n stuurwielslot ook verpligtend.

4. Rook in Voertuigpoelvoertuie en die Voertuigpark is verbode en geen troeteldiere mag in Voertuigpoelvoertuie vervoer word nie tensy dit dien as gidshond.
5. Die bestuurder van die voertuig moet oor 'n geldige rybewys, wat minstens een jaar oud is, beskik en dit op aanvraag kan toon.

6. Die bestuurder van 'n voertuig moet die ritkaartjies van die voertuig volledig voltooi en inhandig by hek voor vertrek.

7. Die bestuurder moet seker maak dat die voertuig oor 'n domkrag, moersleutel, noodwiel, petrolkaart (in die sleutelhouer) en instruksies vir Optrede by 'n Ongeluk (in die paneelkissie) beskik, voordat die voertuig gebruik word.

8. Die Bestuurder moet seker maak dat die voertuig genoeg brandstof het vir die reis. Wanneer brandstof aangevul word moet die brandstoftenk gevul word met 95/97 of diesel en met die voertuig se eie petrolkaart betaal word. Betalingsbewys moet saam met ritkaartjie en sleutel terugbesorg word. Tolgeld word van gebruiker verhaal.

9. Die brandstoftenk van 'n voertuig *moet vol wees* wanneer die voertuig by Voertuigpoel terug besorg word.

10. 'n Voertuig se eie petrolkaart mag nie by 'n tolhek of parkeerpark vir betaling aangebied word nie.

11. Die voertuie moet sover moontlik skoon en netjies gehou en terugbesorg word om boete vry te spring. In gevalle waar die toestand van die voertuig 'n binne- of volledige valet regverdig sal betrokke kostes verhaal word.

12. Besprekingstye moet streng nagekom word en enige kansellasies moet 24 uur voor aanvang gedoen word.

13. Ingeval van 'n ongeluk gebruik slegs **G P Towing** in die WesKaap – 082 807 0901 of 083270 4483 OF **MOSES & SON Towing** van Stellenbosch, tel. 083 956 3380.
14. Alle skade wat aan 'n voertuig tydens verhuring plaasvind moet binne 12 (twaalf) uur nadat dit gebeur het aan die Voertuigpoel gerapporteer word.
15. **Die gebruiker (Afd/DeptVereniging/Huiskomitee) ook in gevalle waar bestuurder gehuur word is aanspreeklik vir die skade aan voertuie opgedoen tydens verhuring tot 'n maksimum van R3000 (skade aan bakwerk) of R750 (vensters) synde die versekeringsbybetaling asook koste van verlore bykomstighede soos bv spaarwiel,gereedskap,wieldoppe en brandblusser.Gebruiker se kostepunt sal met sodanige bedrag gedebiteer word.**
16. By versuim om gehoor te gee aan die bovermelde reëls kan die onderstaande addisionele heffing(-s) van die gebruiker (Afdeling/Departement/Vereniging/Huiskomitee) verhaal word: Deur die sleutel van die voertuig te aanvaar, gee die gebruiker ook hiermee uitdruklik toestemming dat die toepaslike heffing van sy of haar salaris, studentegelderekening of kostepunt, na gelang van die geval, op aanvraag verhaal kan word.

16.1	Die volle herstelkoste ten opsigte van skade wat voortspruit uit ongemagtigde,kwaadwillige,of opsetlike optrede van die bestuurder.	
16.2	'n Bespreekte voertuig sonder toestemming vroeër geneem word	*Min.halfd***agfooi**
16.3	'n Bespreekte voertuig nie binne 24 uur voor vertrek gekanselleer word nie.....	*Min. dagfooi*
16.4	'n Bespreekte voertuig sonder toestemming 'n dag vroeër geneem word of oornag gehou word en laat terugbesorg word...	*R1000.00*
16.5	Sleutel na ure uitgereik of laat terugbesorg.....	*R 250.00*
16.6	Voertuig met minder as 'n vol tenk brandstof terug besorg word……..	*R 100.00*
16.7	Binnekant van 'n voertuig uiters vuil en/of onnet gelaat is……..	*R 300.00*
16.8	Identiteits- , petrol- of ritkaart van voertuig verloor is.....	*R 200.00*
16.9	Ritkaart verloor	*R 100.00*
16.10	Voertuig se deure ongesluit gelaat is.....	*R 300.00*
16.11	Rook in voertuig.....	*R300.00*
16.12	Wederegtelike gebruik van brandblusser.....	*R300.00*

DIEFSTAL

Skakel onmiddellik 021-938 9350 / 9351 (08:00-16:30) of Kampussekuriteit 021-938 9500 / 9507(16:30 – 08:00). 2. Rapporteer by S.A.P.D. en kry saaknommer vir versekerings-doeleindes. Vul motorongelukverslagvorm in (verkrygbaar by hekkantoor).